



Annika en Ariane bo op die ABSA Cape Epic podium.

Nog 'n Absa Cape Epic, nog 'n suksesstorie vir Team RECM!

Dit is net heel eenvoudig die mees opwindende week van bergfietsry in die wêreld, en dit verbaas **Erik Kleinhans** elke jaar dat ons so ongelooflik bevoorreg is dat dit alles net hier in ons agterplaas in die Wes-Kaap plaasvind.

Ons RECM-span het 'n baie goeie verhouding met fiets- en toerustingborg, Specialized, en net soos in 2014, het onskragte bymekaar gespan vir 2015. Ek en Nico as ondersteuningsspan vir Christoph Sauser en Jaroslav Kulhavy, terwyl Ariane saam met Annika Langvad ingespan is om hul titel te verdedig.

Teen die tyd is elke bergfietsliefhebber al bewus van die suksesstories. Susi en Jaro het hul tweede Absa Cape Epic saam gewen.

Dit het ook Susi se vyfde algehele titel opgelewer, die eerste persoon wat dit kon regkry.

Ariane en Annika het nie vir 'n oomblik gelyk asof hulle regtig bedreig word nie, hulle vorm so 'n sterk span in persoonlikheid en vermoëns. Selfs met 'n eenuur straf nadat hulle per ongeluk 'n verkeerde roete gevolg het, het my nooit bekommerd gehad nie en het hulle met 'n baie gemaklike tydbuffer gewen.

Dit was my agste Absa Cape



Erik gee die pas aan op skof sewe.



'n Wellington plaas huis, een van die baie maniere hoe die Wes Kaap pronk gedurende die Epic.

Epic, my tweede saam met Nico, en definitief nie my maklikste een nie. Buiten 'n meganiese probleem of twee, was ek halfpad deur die toer sleg geaffekteer deur 'n maagvirus, en het die dag daarna ongemaklik geval in die bondel vroeg in die skof.

Buiten dit alles is ek bly ons kon deur dit veg en veral dat ons daar kon wees die twee keer wat Susi en Jaroons ons regtig nodig gehad het. Dit was vir my 'n eer om betrokke te wees by Susi se laaste ernstige poging as 'n professionele

bergfietsryer in die wedren; hy het 'n groot inpak op my fietsry en lewe gehad en ek is bly as ek op enige manier moontlik die guns kan terug bewys! **ES**



RECM se **Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy is nou die eienaar en kaptein van die RECM bergfiets

span, en moet net so hard werk op die span admin as op sy oefening. Volg hom op Twitter by @erikkleinhans.

Christoph Sauser het met Erik en Nico se hulp sy vyfde ABSA Cape Epic gewen

Scan this QR code to read the article in English on www.fullsus.co.za



Nico en Erik in aksie tydens die proloog.

